kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

"Paul Ricoeur has wonderful counsel for people like us. Go ahead, he says, maintain and practice your hermaneutics of suspicion. It is important to do this. Not only important, it is necessary. There are a lot of lies out there; learn to discern the truth and throw out the junk. But then reenter the book, the world, with what he calls 'a second naivete'.' Look at the world with childlike wonder, ready to be startled into surprised delight by the profuse abundance of truth and beauty and goodness that is spilling out of the skies at every moment. Cultivate a hermaneutic of adoration - see how large, how splendid, how magnificent life is.

And then practice this hermaneutic of adoration in the reading of Holy Scripture. Plan on spending the rest of our lives exploring and enjoying the world both vast and intricate that is revealed by this text."
— Eugene H. Peterson, Eat This Book: A Conversation in the Art of Spiritual Reading

Woorddiens

Tema: Het jy my lief / Is jy lief vir my?

Skriflesing: Johannes 21:1-19

Broodjies vir die pad

"There is no recipe for living that suits all cases."
— Carl Jung

"If we are to love sincerely, and with simplicity, we must first of all overcome the fear of not being loved. And this cannot be done by forcing ourselves to believe in some illusion, saying that we are loved when we are not. We must somehow strip ourselves of our greatest illusions about ourselves, frankly recognize in how many ways we are unlovable, descend into the depths of our being until we come to the basic reality that is in us, and learn to see that we are lovable after all, in spite of everything!"
— Thomas Merton, No Man Is an Island

"Conscience is the light by which we interpret the will of God in our own lives."
— Thomas Merton, No Man Is an Island

Skemerson: 'Daar is altyd hoop en hulp'

Laetitia Pople

As sy rolprent net één mens minder alleen sal laat voel, sal hy verheug wees.

So sê die akteur Pietie Beyers oor sy rolprent *Skemerson.*

Die idee vir die prent het ontstaan toe hy self in 'n donker plek was, 'n tyd toe hy net na Jeff Buckley se "Hallelujah" of na klassieke musiek kon luister.

"Dit het gevoel of ek net te veel breinenergie het, ek het met angs geworstel. Ek het 'n jaar of wat weggebly van alle sosiale media. Toe ek weer kontak maak en sê 'hier is ek, dit was nie julle nie, maar ek', was hy verstom oor hoe baie mense gereageer het. Ek het besef baie mense worstel met soortgelyke vrese en angs."

Dit is nie iets waaroor mense praat nie. Beyers hoop nadat hulle na sy fliek gekyk het, sal hulle wel daaroor kan praat.

"Genesing lê in eerlikheid. Almal het 'n tyd van alleen voel, of dit nou op Sondae is voor *Carte Blanche* begin, of saans om 22:00 net voordat jy gaan slaap – elkeen het iets anders wat pla."

Hy het die draaiboek van *Skemerson* geskryf, vertolk die hoofrol daarin en is ook medevervaardiger saam met Niel van Deventer. Dit handel oor 'n man wat worstel met 'n geestesiekte en om oor die onlangse dood van sy ma te kom.

Hy het draaiboekskryf onder leiding van die dramaturg Malan Steyn by die Universiteit Stellenbosch studeer ná sy dramastudies.

"Hy het my geleer om vas te vat, om op 'n emosionele vlak 'n storie sonder truuks te vertel. Eerlik en menslik – en om niemand te probeer beïndruk nie."

Hy het ook by die regisseur Gerrit Schoonhoven gaan kers opsteek en sy wyse woorde "skryf die kortste pad na die waarheid" probeer toepas.

Beyers wou 'n rolprent maak waarna hyself wou kyk.

"Ek wou nie 'n idilliese *white picket fence*-storie skryf nie. Ek wou eerlik wees. Die held moes emosioneel semi-verwoes wees, en dan beweeg hy deur seker die mooiste deel van Suid-Afrika, die Tsitsikamma-woud met die woeste see."

Die bekroonde teaterskepper en dramaturg Philip Rademeyer was 'n natuurlike keuse as regisseur van *Skemerson*. Sy intuitiewe aanslag en sy begrip vir emosie was vir Beyers die deurslag, al sou dit Rademeyer se eerste prent as regisseur wees. "Hy is 'n in-die-oë-kyk-mens wat die lewe aangryp. Ek kon nie vir 'n beter regisseur gevra het nie."

Beyers speel teenoor sy meisie, Anneke Weidemann, wat bekend is as aktrise in *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* en *Die wonderwerker*, maar nou besig is met haar hospitaaljaar as dokter by 'n kliniek en hospitaal in Lenasia, Gauteng.

Hulle het drie aktrises in gedagte gehad. “Ek het gevoel sy (Weidemann) sou perfek wees, maar het geen druk op haar geplaas nie. Toe het sy later self gesê sy wil speel. Dit was rof om ná haar werkskof in te vlieg Kaap toe en weer terug te vlieg, betyds vir ’n volgende skof.”

Nou is hy op ’n goeie plek in sy lewe. Hy studeer sielkunde en Zoeloe, skryf en speel toneel. Hy bied nog die program *Blitsbrein* op kykNET aan.

Hy het homself uitgedaag en opgehou drink. “Ek drink glad nie meer alkohol nie. Soggens word ek helder wakker met idees en energie, daar is nie vrees oor gister se lastighede nie, maar (opgewondenheid oor) die moontlikhede van vandag.”

* *Skemerson* met Pietie Beyers, Anneke Weidemann en Elize Cawood in die hoofrolle begin op 3 Mei draai.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/skemerson-daar-is-altyd-hoop-en-hulp-20190428

“One of history’s fews iron laws is that luxuries tend to become necessities and to spawn new obligations. Once people get used to a certain luxury, they take it for granted. Then they begin to count on it. Finally they reach a point where they can’t live without it. Over the few decades, we have invented countless time saving machines that are supposed to make like more relaxed - washing machines, vacuum cleaners, dishwashers, telephones, mobile phones, computers, email. We thought we were saving time; instead we revved up the treadmill of life to ten times its former speed and made our days more anxious and agitated.”
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

“In a world deluged by irrelevant information, clarity is power.”
— Yuval Noah Harari, 21 Lessons for the 21st Century

“I have given no definition of love. This is impossible, because there is no higher principle by which it could be defined. It is life itself in its actual unity. The forms and structures in which love embodies itself are the forms and structures in which love overcomes its self-destructive forces.”
— Paul Tillich, The Protestant Era

“One great idea of the biblical revelation is that God is manifest in the ordinary, in the actual, in the daily, in the now, in the concrete incarnations of life, and not through purity codes and moral achievement contests, which are seldom achieved anyway… We do not think ourselves into new ways of living, we live ourselves into new ways of thinking… The most courageous thing we will ever do is to bear humbly the mystery of our own reality.”
— Richard Rohr

Brood vir die pad

In die aanloop tot hierdie week se verkiesing help Robert Vosloo om onderskeid te maak tussen ’n demokratiese stelsel en ’n demokratiese visie:

Demokratiese stelsel het ook ’n visie nodig

‘The best argument against democracy is a five-minute conversation with the average voter,” lui die ietwat siniese stelling wat dikwels, en moontlik verkeerdelik, aan Winston Churchill toegeskryf word. Churchill is wel op rekord vir sy opmerking op 11 November 1947 in die Britse laerhuis: “It has been said that democracy is the worst form of Government except for those others that have been tried from time to time.”

Heelwat meer kan gesê word oor die beperkinge van demokrasie as ’n regeringsvorm, en uiteraard ook oor die bevrydende en beskermende krag daarvan. Terwyl ons tans terugdink aan die historiese Suid-Afrikaanse verkiesing 25 jaar gelede, en voor-berei vir die verkiesing op 8 Mei, is dit ook so dat godsdiens dikwels deel uitmaak van ons politieke landskap en gesprekke. Sommige politici werf selfs steun by godsdienstige samekomste. En heelwat politieke partye verbind hul beleid openlik met ’n verdediging van wat as godsdienstige waardes beskou word.

Enkele weke ná die algemene verkiesing in 1994 voltooi die Suid-Afrikaanse teoloog John de Gruchy sy boek Christianity and Democracy. Hierin maak hy ’n nuttige onderskeid tussen wat hy ’n demokratiese stelsel en ’n demokratiese visie noem. ’n Demokratiese stelsel behels vir De Gruchy die grondwetlike beginsels, prosedures, simbole en oortuiginge wat alle ware demokrasieë kenmerk, ongeag die historiese vorm wat dit aanneem. ’n Demokratiese visie, daarteenoor, gaan vir hom ten diepste oor die hoop op ’n sekere soort samelewing: ’n samelewing waar mense waarlik gelyk is en andersheid gerespekteer word; ’n samelewing waar mense waarlik vry is en waar sosiale verantwoordelikheid eerder as eiebelang seëvier; ’n samelewing waar die reusekloof tussen rykes en armes oorbrug word en geregtigheid en vrede heers.

De Gruchy maak verder die aanspraak dat wat hy as ’n demokratiese visie beskryf, ten nouste met die boodskap van die profete van Oud-Israel saamhang, en spesifiek hul hoopvolle visie op God se ryk wat deur geregtigheid en vrede gekenmerk word. Dat die Joodse en Christelike godsdienste nie altyd getrou aan dié visie was of is nie, en dat hierdie visie ook in ander lewensbeskoulike vorme voorkom, neem nie vir De Gruchy die feit weg dat hierdie profetiese visie ’n belangrike dryfveer vir politieke transformasie was en steeds kan wees nie.

Ook in ons dag moet ons dus nie die politieke invloed onderskat van gewone mense wat op ’n kon-krete wyse hul lewens deur ’n visie van vrede en geregtigheid laat rig nie. Want sonder diegene met sodanige visie versteen of verword selfs die beste demokratiese stelsels. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/demokratiese-stelsel-het-ook-n-visie-nodig-20190426

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877